# Die Kruin-o-gram

04 April 2021 - Uitgawe 01

## Verenig in Christus | Handelinge 10:34-43

Om meer agtergrondinligting te kry oor die Lukas-Handelinge korpus in die Nuwe Testament, lees die Kruin-o-gram van die 10de Januarie 2021 (Jan., Uitgawe 2). Die verhaal wat ons aantref in Handelinge 10:1-11:18 is die langste aaneenlopende verhaal in die hele Handelinge. Hierin word dit duidelik gemaak dat Lukas besig is om iets belangriks met sy lesers te deel. Die belang lê daarin dat Cornelius se bekeringsnarratief 'n oorskakelingsnarratief is. In die vorige hoofstukke is die fokus van die dissipels hoofsaaklik gemik op Palestina en om die Jode te bekeer. Na die bekering van Cornelius word die weg gebaan vir Paulus om nie-Jode, soos Grieke, te gaan bekeer.

Omrede hierdie narratief so lank is, word dit in sewe kleiner perikope verdeel en word dit tradisioneel ook so in ons Bybels aangedui. Dit is as volg: Cornelius se visioen (1-8); Petrus se visioen (9-16); Petrus se ontmoeting met Cornelius se boodskappers (17-23a); Petrus en Cornelius se ontmoeting (23b-33); Petrus se toespraak (34-43); Nie-Jode ontvang die Heilige Gees (44-48); Joodse Christene keur die bekerings goed (11:1-18).

Die perikoop wat ons dié week gebruik, is waar Petrus 'n kort toespraak lewer, waarin hy die besef waartoe hy gekom het, verduidelik. Hierdie besef is, dat Jesus Christus vir almal in die wêreld gesterf en opgestaan het uit die dood. Die kruisiging en opstanding uit die dood, openbaar aan ons God se liefdevolle karakter. Ons opdrag is om oor hierdie dinge te preek (kerysso) en te getuig (diamartyromai).



# Delf Dieper

Hierdie gedeelte van die Kruin-o-gram is spesifiek gemik op die jongmense, die tieners in ons gemeente. Hier daag ons, ons tieners uit om op drie vlakke te groei in hul geloof - 1) vir mekaar, 2) na God, 3) en na mense daar buite. Die doel van Delf dieper is dat ouers en tieners saam kan praat oor die Skriflesing aan die hand van die boonste oordenking, sodat die hele gesin tot 'n nuwe verstaan kan kom van die Bybel. Wanneer die gesin dus weer bymekaar kom, vra die volgende vrae vir mekaar en sien hoe die Gees van God in jou gesin beweeg.

1. Na mekaar
   a. Hoe gaan dit met jou hierdie week?
   b. Is jy opgewonde dat die skoolkwartaal amper verby is?

2. Na God
   a. Lees Handelinge 10:34-43
   b. Wat val jou op wanneer jy hierdie gedeelte lees?
   c. Wat sê hierdie gedeelte oor Jesus se opstanding?
   d. Hoe is hierdie gedeelte van toepassing in jou lewe?

3. Na mense
   a. Wat beteken dit om die 'evangelie' te verkondig en te getuig?



# Josef se kleurvolle jas

## Genesis 37

Josef was een van Jakob se twaalf seuns. Jakob was liewer vir hom as vir sy ander seuns.

Jakob het vir Josef 'n kleurvolle jas gegee. Sy broers was baie jaloers. Hulle wou ook mooi jasse hê. En hulle wou ook soveel liefde soos Josef hê.

Josef het 'n droom gehad. Hy het vir sy gesin gesê: "Ons was in die veld besig om gerwe koring vas te bind. Julle gerwe het voor myne gebuig."

Toe het Josef nog 'n droom gehad. Hy het gesê: "Hierdie keer het die son, maan en elf sterre voor my gebruig." Sy pa het gevra: "Beteken dit ons gaan eendag voor jou moet buig?"

Dit het die broers nog kwater gemaak. Hulle het vir Josef in 'n leë put gegooi.

'n Paar handelaars het daar verbygekom. Josef se broers het hom as 'n slaaf aan hulle verkoop.

Hulle het vir hulle pa gejok en gesê 'n wilde dier het vir Josef doodgemaak. Maar God was by Josef.

(Uit: Bybelstories vir beginners)

## Verjaarsdae

| | |
|---|---|
| **Sondag 04 April** | |
| Petro du Plessis | 079 695 7645 |
| Denise van Niekerk | 082 796 8471 |
| Johan van Wyk | 072 985 9964 |
| | |
| **Maandag 05 April** | |
| Riaan Meintjes | 073 689 0431 |
| Cordel Opperman | |
| Nico Pienaar | 076 669 7899 |
| | |
| **Dinsdag 06 April** | |
| Antoinette Barkhuizen | 012 800 3130 |
| Melanie Verster | 083 654 4488 |
| | |
| **Woensdag 07 April** | |
| Kayla Boshoff | 074 388 8890 |
| Anita Botes | |
| Maryke Bothma | |
| Leandri Els | 012 804 6452 |
| | |
| **Donderdag 08 April** | |
| Liezel Slabbert | 082 872 8588 |
| | |
| **Vrydag 09 April** | |
| Lily-Ann Coetsee | |
| Tina Marais | 074 976 1165 |
| Marie Norden | 012 804 4214 |
| Henru Schonken | |
| | |
| **Saterdag 10 April** | |
| Cesar de Almeida | |
| Juni Els-Pretorius | 012 804 8475 |
| Dalena Hillebrand | 082 889 5312 |
| Ghiselle Human | |
| Ruben Potgieter | 072 355 6811 |

**Beste wense vir 'n gelukkige Nuwe lewensjaar !!**

## Gebedslys

**KANKER**
Charles Du Plessis - Neeltjie Barnard - Martie van der Merwe
Johnny Redelinghuys - Koos Barkhuizen - Susan Bianchina
Rita Pieters - Yvonne Lombard – Japie De Clerq
Colene Smith - Dr. Hennie van Buuren

**GESONDHEID**
Hilie Green - Mimi Fourie
Heleen Morton (Benodig 'n nier vir 'n niervervanging, ons bid dat haar dogter se nier geskik sal wees).
Klein Janro de Jager. Ook sy ouers, Japie en Tia. Tia is tans ook swanger en beleef baie spanning rondom klein Janro.
Alex Smit - Logan Campher

**OPERASIES**
Dr Hennie van Buuren

**SWANGERSKAPPE**
Runé en Eckard Erasmus - Tia en Japie de Jager - Bianca en Paul Steyn

**GEBOORTES**
Werner en Charmaine Oosthuizen – Olivia

**ONS BID OOK VIR**
ons gesondheidswerkers en almal wat geaffekteer is deur Covid-19
Geestesgesondheid van almal in ons land.

## Hoe om Zapper te gebruik

1. Scan die QR-kode
2. Sit in bedrag
3. Kliek op betaal

Let wel dit werk met jou persoonlike bank (FNB, ABSA, Nedbank ens.) se toepassing ook.

**Bankbesonderhede:**
N.G. Silvertonkruin
ABSA - 632005
Tjek rekening: 70580888

zapper™

**Kry ons Toep**

vir

1. Die nuutste gebeure in ons gemeente
2. Al ons Eredienste, Bybelstudies en Kategese material
3. Om meer inligting te bekom oor huwelike, dope en begrafnisse

